## Die Here verhoog die wat voor Hom nederig is

**Lees: Jakobus 4: 1 – 12　　　Teks: Jakobus 4: 10**

Wat beteken dit om nederig te wees? Dit beteken om die minste te wees sonder dat jy toelaat dat iemand op jou trap. Dit is waarskynlik een van die moeilikste dinge om te doen. Dis nooit maklik om die minste te wees. Jy wil dan altyd eerste wees, of altyd wen, of altyd die beste hê.

As jy nie nederig is nie dan is jy hoogmoedig. Dit is as jy dink jy is beter as ander. Dit is wanneer jy nie altyd met ander wil meng nie, want jy voel hulle is benede jou. Hoogmoed lei tot struweling en skeuring en hartseer in mense se lewens en veral in die Kerk.

Jakobus skryf aan mense wat oor 'n baie wye gebied woon. Hulle is meestal Joods Christene, en ons lees in hoofstuk 4 dat daar probleme is. Daar word gepraat van struwelinge en oorloë. Daar word gepraat van moord, egbreuk en naywer. As ons mooi daaroor dink en lees is dit 'n toestand wat ontstaan as gevolg van Joods Christene wat hoogmoedig geraak het. Hulle wil hê dat mense wat uit die heidendom tot geloof gekom het soos hulle moet wees. Hulle het gevoel dat die Joodse tradisies gevolg moet word. Almal moet dit doen.

Hierdie Joods Christene kry swaar. Hulle voel dat hulle alles reg doen. Hulle bid, maar hulle gebede word nie beantwoord nie. Daar is dan al hierdie onenigheid, en dit kom nie tot 'n einde nie. Wat is fout?

Jakobus verduidelik vir hulle dat hulle nie 'n vriend van die wêreld kan wees nie. As jy 'n vriend van die wêreld is, word jy 'n vyand van God. Die rede is dat jy hoogmoedig word. Jy self word die sentrum van jou eie lewe en God speel nie meer 'n rol daarbinne nie.

Dit is nie wat God wil hê vir hulle lewe of selfs ons eie lewe nie. Daar staan so mooi geskryf in vers 5: "Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon."

Daarom kom Jakobus en leer hierdie mense asook ons wat gedoen moet word om nederig te wees en te maak soos God wil hê.

**Stap 1**
Vers 7: Onderwerp julle aan God. Jy moet die EIE EK kruisig. Jy moet besef dat God moet in beheer wees. Die wil van God moet in jou lewe geskied. Breek weg van die wêreld en dit wat die wêreld wil hê.

**Stap 2**
Vers 8: Nader tot God. Dit is ‘n oproep tot bekering. Die gedagte van wegbreek kom sterk hierin na vore. Kom nader na God toe. Jy is deur Jesus Christus gereinig. Sy bloed maak jou skoon. Jy word beskou as kind van God, jy wat glo.

**Stap 3**
Vers 9: Weeklaag treur en ween. Daar moet berou wees oor jou sonde. Dit beteken dat jy ‘n haat in jou sonde moet ontwikkel. Jy moenie net jammer wees nie. Jy moet fisies en geestelik jou sonde so haat dat jy dit nie meer wil doen nie.

**Stap 4**
Vers 10: Verneder julle voor die Here. Dit beteken om jou heeltemal onder Sy heerskappy te plaas. Jy moet besef dat die Here God jou Here is. Jou baas, jou besitter.

Hy is die een wat vir jou sorg en jou lei. Hy het jou deur sy Seun, Jesus Christus losgekoop van die sonde. Hy het aan jou ‘n nuwe lewe gegee. Hy het aan jou sy Gees gegee om jou naby te wees, om jou krag te gee, om jou by te staan en om jou te troos.

Deur sy Gees gee Hy aan jou die versekering dat hierdie lewe maar tydelik is. Daar kom ‘n dag wat jy verhoog sal word. Dit geskied met die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Dan sal jy net soos Christus verhoog word en die nuwe stad Jerusalem kan binnegaan waar jy in die lig van God kan lewe tot in ewigheid.

**Ds. Neville Boy**
**13/01/2019**